NGKA

# Die Nuwe Gemeenskap.

N.G.K.A.
2 Maart 1980.

Joh. 15 : 5–21

Geagte ds Buti, ds Pouradie, Kerkraad en Gemeente van Alexandra. Vergun my om aan die begin van my preek my opregte en warme dank uit te spreek vir die voorreg om by hierdie besondere geleentheid die Woord van God aan u te bedien. Ek het aan ds. Buti en die Kommissie van die Kerkraad wat die aansoeke om lidmaatskap oorweeg en behandel het die wens oorgedra om liewer eers as lidmaat in die gemeente opgeneem te word voordat ek 'n preekbeurt waarneem – maar ds. Buti het te kenne gegee dat die Kerkraad verlang dat ek die preek sal waarneem en ek gee met dankbaarheid en vreugde gehoor aan die versoek.

My boodskap omvat die inhoud van sleutelgedeeltes van Joh. 15, 16 en 17 waarin Johannes in kort, kragtige aangrypende sinne die laaste ~~bevele~~ opdragte en pleidooie van Jesus voor sy gevangeneming en veroordeling opsom. Jesus se onderrig gaan oor die toekoms, oor die groot werk wat Hy aan sy 12 dissipels maar ook aan al sy volgelinge van alle tye toevertrou.

Hy berei hulle voor ~~vir~~ die nuwe gemeenskap, die nuwe volk van God wat Hy in en deur hulle tot stand sou bring op Pinksterdag — die gemeenskap van nuwe mense genoem die gemeenskap van die heiliges, nie omdat hulle volmaak of sonder swakheid of skuld sou wees nie, maar omdat hulle in Jesus 'n nuwe gemeenskap ('n nuwe "community") sou vorm en opbou — in die Nuwe Testament beskrywe met een enkele woord: Kerk

Wat is die aard en die wesenskenmerke van hierdie nuwe gemeenskap? Dit sou blyk te wees:

1. 'n Gemeenskap waarin 'n nuwe liefde bely en beoefen sou word: Jesus laat die klem val op die nuwe gebod: dat ons, sy volgelinge, mekaar sal liefhê soos Hy ons liefgehad het. En Hy noem dit 'n gebod: "Dit gebied Ek julle ..." sê Hy. Dit is dus nie net 'n wens, 'n bede, 'n hoop, 'n versugting nie: dis 'n duidelike en onmiskenbare gebod vir elkeen wat bely dat hy of sy Jesus se volgeling is. Dis 'n gebod sonder grense, sonder kwalifikasies of voorwaardes: dit stap oor alle grense van menslike belange, menslike vrese en menslike vooroordele heen.

Om net oor hierdie liefde te praat, om dit net met die mond te bely is maklik;

maar om dit met die daad, met die inset van jou hele lewe, dag na dag, in alle betrekkinge en in jou omgang met alle mense konkreet te beoefen – dis iets geheel anders as wat gewoonlik tussen mense gebeur!

2. 'n Gemeenskap waarin 'n nuwe eenheid ontdek en beleef sou word: Die mens leef in gemeenskap van sekere bekende, natuurlike ~~kringe~~ vorms van eenheid: familie, taalgroep, stam, stand, volk. Maar nou kom Jesus en in sy hoëpriesterlike gebed pleit Hy vir 'n gans ander soort eenheid, oneindig ruimer, vollediger en dieper as die eenheidskringe hierbo genoem: "Ek bid dat almal een mag wees". Wie is die hulle? Dis almal wat Jesus as Here sou bely en as Broer sou ontdek ongeag hulle verwantskap van familie, van stam, van taal, van ras, van seks, van politiek. Christus pleit nie vir eensheid maar om eenheid. Christus ontken nie die verskeidenheid maar Hy verwerp geskeidenheid. En as daar enige twyfel mag bestaan of ontstaan oor die ware aard van hierdie eenheid tussen Christene dan sê Jesus: toets dit aan my sentrale opdrag: die van die liefde. ~~Va~~ ~~Be~~ Antwoord enige twyfel oor die wese van hierdie eenheid met die vraag: Voldoen daardie eenheid aan die Christusgebod van

die liefde? En omdat Christus geen twyfel in enigiemand se gemoed wil laat oor die saak nie voeg Hy daarby: „Sodat die wêreld kan glo". „Sodat die wêreld kan weet". En hoe glo en weet die wêreld? Nie deur vroom verklarings of kerklike besluite nie, maar deur te sien, deur te beleef, deur dit uit die lewes en dade van Christene te ervaar sal die wêreld weet, oortuig word en glo! En daarvan — van hierdie nuwe eenheid is die water by die doop en die brood en wyn by die Nagmaal die uiterlike sigbare tekens!

3. 'n Gemeenskap waarin vernuwing en verryking van lewe tot uitdrukking sou kom. „Ek het julle aangestel om vrug te dra". So beskryf Jesus die aard van hierdie gemeenskap: dit sal gekenmerk word deur onderlinge verhoudinge van al sy lede waarin hulle mekaar en ander sal ondersteun, in liefde sal kritiseer, in behoefte sal versorg, in onderdrukking sal deel ~~bystaan~~, in lyding sal vertroos en in dood sal bystaan. Dis 'n gemeenskap wat onreg in watter vorm ookal sal bekamp, wat onwaarheid sal blootlê, wat diskriminasie sal verwerp, wat mekaar se laste sal dra!

Dis deel van die vrugdra waarvan Jesus hier praat! Hoe graag sou ek hieroor meer wou sê maar die tyd laat my nie toe nie! Al wat ek hier nog wil byvoeg is dat ons wat vandag vanuit die N.G. Kerk as lidmate tot die N.G. Kerk in Afrika toetree, dit doen omdat ons iets van hierdie vrugdra in die lewe en onderlinge verhouding van u as lidmate v.d. N.G. Kerk in Afrika bemerk het – en omdat ons met ons hele hart verlang om daarin te deel!

4. 'n Gemeenskap waarin die mense dissipelskap groot offers sou vra. Jesus berei sy dissipels voor op die prys van hierdie dissipelskap (Joh. 15: 19, 20, 21 en 16: 2, 33). „Julle sal misverstaan en gehaat word, julle sal verwerp en verdruk en vervolg word. En dit sal gedoen word deur mense wat glo dat hulle daarmee 'n diens aan God bewys". In soveel woorde berei Jesus hulle voor vir die toekoms.

Ons lewe vandag in 'n konfliksituasie in Suid- en Suider-Afrika waarin Christene van alle kerke en kleure betrek word. Gehoorsaamheid aan Christus gaan in toenemende

mate alleen moontlik wees as Jesus se volgelinge bereid is om die prys van dissipelskap te betaal. Ons wat vandag as blankes toetree tot die N.G. Kerk in Afrika besef iets van die prys, die offer wat ons van u vra as Christene uit die swart gemeenskap om ons aan te neem as u broers en suster. In soverre as wat dit vir ons as blankes moontlik is, wil ons graag saam met u die prys probeer betaal en deel te word van 'n kerk wat, so hoop en bid ons, die voorbeeld gaan stel vir die totstandkoming van 'n belydende kerk (confessing church) waarin Jesus as Here tot sy volle reg sal kom in die diens en die getuienis van almal wat sy Naam bely!

Amen.